**19 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 47
Fokusgedeelte: Psalm 47:6 (OAV)

# Word bewus van God se teenwoordigheid

Hierdie Psalm sing van blydskap oor die Koningskap van die HERE. Dit is moeilik om die historiese omstandighede waaronder die lied gesing was, met sekerheid vas te stel. Baie verklaarders verbind dit met die geleentheid toe die ark van die HERE na Sion of die tempel gebring was (vgl. 2 Sam 6; 1 Kon 8:1-11). Wat wel seker is, is die feit dat lied vir 'n fees bedoel is. Moontlik die Nuwejaarsfees. Maar dit gaan nie om 'n aardse koning of die volk Israel nie. God die HERE word as koning oor die wêreld verheerlik.

Die Psalm kan in twee dele gedeel word (vs 2-5; 6-10). Eers word van die mag en heerskappy van die HERE gesing. Almal moet Hom loof en prys: “Groot is God die HEER!” Hy het ook 'n bepaalde geslag as sy erfdeel uitgekies en Hy versorg hulle liefdevol in 'n bepaalde land. Ons kan hier aan die kerk dink wat in baie lande gevestig is.

Die tweede gedeelte (vs 6-10) begin met die woorde: “God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeskal” (OAV). Dit is moeilik om presies te weet wat die digter bedoel het. Was dit bedoel vir die geleentheid as die priesters die ark in Jerusalem of die tempel binnegedra het? Of was dit toe die sangers op 'n Nuwejaarsfees van die teenwoordigheid van God bewus geword het? Die grootste moontlikheid is dat die sangers van God se teenwoordigheid bewus geword het. Hy kom geestelik op die toneel. Hierdie profetiese woorde het egter op 'n konkrete wyse werklikheid geword as Jesus Christus hemel toe opgevaar het.

Ons kan hierdie gedeelte toepas op die samekoms en samesang in die kerk. Erediens is tog die geleentheid waarin ons in noue gemeenskap met die HERE kom. Ons begin ook met die woorde: “Laat woorde van ons mond en oordenkinge van ons hart welbehaaglik wees voor u aangesig, ons Rots en ons Verlosser.” Laat dit ook ons ervaring wees dat as ons saam met die gemeente byeenkom, ons bewus mag wees van die teenwoordigheid van die HERE. Dat ons elke keer in die diens sy Woord mag hoor, en as ons weggaan, rustig mag wees omdat ons ons God ontmoet het.

“Sing dan juublend bly!
Hoog verhewe~is Hy!” (Totius vs 4).

Sing: Psalm 47:1, 4 (Totius)

Prof FN Lion-Cachet (Emeritus)